higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010444)

13 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

236Q1B2013

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KLEDINGKONSRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Hierdie klein, egalige stekies word gebruik om twee voltooide rande met bostiksel af te rond.

1.1.2 Keer dat 'n belegsel en sy naat na die kledingstuk se regterkant uitdop.

1.1.3 Dit kan enige tegniek wees wat gebruik word om 'n naatrand netjieser te laat lyk en/of om te keer dat dit uitrafel.

1.1.4 Oorspronklik uit sy gemaak, maar nou dikwels uit poliëster.

1.1.5 Merke word met aftrekpapier na die materiaal oorgedra en dan met hand- of masjienrygsteke gevolg.

1.1.6 'n Tydelike, onegalige glipsteek ('slip stitch') wat akkurate aanpassing ('matching') van Skotse wolstowwe ('plaids'), strepe, en sekere groot drukpatrone by die nate moontlik maak.

1.1.7 'n Onafgebroke reeks lussteke ('looped stitches') wat 'n ketting vorm.

1.1.8 Word gebruik vir onsigbare aanhegting van 'n soom aan 'n kledingstuk.

1.1.9 Het plastiektande, kom in baie kleure voor en word in 'n groot verskeidenheid materiale gebruik.

1.1.10 'n Stuk materiaal wat gebruik word om die ongesoomde of onvoltooide rande van 'n kledingstuk af te rond.

1.1.11 'n Driehoekige vorm wat op 'n plat stuk materiaal vasgewerk word om by die kontoere van die liggaam aan te pas.

1.1.12 Dui die rigting van die draad in die materiaal aan.

1.1.13 Hierdie masjien vervang nie 'n konvensionele masjien nie, maar vul dit aan.

1.1.14 Dit is 'n strook materiaal wat die inslag- en skeringdrade van materiaal bymekaar hou.

1.1.15 'n Gestikte materiaalvou wat dikwels versierend is, maar wat gebruik kan word vir die fatsoenering van 'n kledingstuk.

(15 × 1) (15)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Natuurlike vesel	A	ryging
1.2.2	Lengtedrade	B	naatlyn
1.2.3	Oordrag van patroontekens	C	snyleier
1.2.4	Drie of vier handsteke op dieselfde plek	D	skering ('warp')
1.2.5	Naat aan die binnebeenkant van 'n kledingstuk	E	bekleding/voering
1.2.6	Ook bekend as rygsteek	F	katoen
1.2.7	'n Materiaaltonnel	G	Peter Pan
1.2.8	Word hoofsaaklik op kinderklere gebruik	H	in-naat
1.2.9	Gewoonlik aangedui met 'n stippellyn	I	tru-steek
1.2.10	Aanbevole uitlegte vir verskillende aansigte	J	natrekwerk
		K	raglan
		L	harpuis

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf:

1.3.1 Die dubbele natrekwiel word gebruik om patrone af te trek en tegelykertyd die nate te merk.

1.3.2 Hakies en ogies kom in beperkte ontwerpe en groottes voor.

1.3.3 Om met stoom te pars beteken jy hoef nie die materiaal klam te maak nie.

1.3.4 Die mouplank word gebruik om some en smal dele van kledingstukke te stryk.

1.3.5 Chino is 'n liggewig-nylon met 'n mat afwerking.

1.3.6 Suiwer nylon-materiale is duursaam, maar nieabsorberend.

Kopiereg voorbehou

1.3.7 Twee strepies onder die wassimbool dui 'n delikate/sagte was aan.

1.3.8 Letters met sirkels dui aan watter oplosmiddel (nie) tydens droogskoonmakery gebruik word (nie).

1.3.9 Passimbole is tekens wat op patrone en lang some aangetref word.

1.3.10 Patroonveletikette word met 'n verskillende syfer aangedui met sy naam en getal wat gesny moet word.

(10 × 1) (10)

1.4 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Bestaan uit horisontale steke wat parallel met mekaar geneem word.

A Slipryging
B Reëlmatige ryging
C Diagonale ryging
D Onreëlmatige ryging

1.4.2 Van vlasstof gemaak, baie sterk en absorberend; kreukel tensy dit behandel is.

A Ramie
B Keperstof
C Kaliko
D Linne

1.4.3 Word gebruik vir lig- en mediumgewigkatoen-, rayon- en linnemateriaal

A Poliëstergare
B Sygare
C Knoopsgatsy
D Ryggare

1.4.4 Enkel/dubbel of drievoudig; gebruik om nate korrek by mekaar te laat aanpas.

A Uitkepies
B Draadrigtingpyle
C Plooipyltjies
D Patroonmerke

1.4.5 Poolmateriaal met 'n randstrook ('welt pile fabric') geweef en gesny om vertikale riffels ('ribs') te wys.

A Koordferweel
B Cheviot
C Crêpe
D Kreton

Kopiereg voorbehou

1.4.6 Die … versterk die kledingstuk oor die skouers en behou volheid.

A skouerstuk
B slip
C beskermer
D lussie

1.4.7 Patroonmerke by lang nate.

A Naatsyfers
B Kniplyne
C Passimbool
D Plooisimbool

1.4.8 Moet groot genoeg gesny word sodat dit gemaklik om die arm kan kom.

A Boarm
B Pols
C Elmboog
D Mousgat

1.4.9 'n Basiese mou wat vir die meeste soorte damesklere gebruik kan word.

A Kimono-mou
B Raglanmou
C Ingesitte mou
D Magjaarse mou

1.4.10 Gefatsoeneerde stuk materiaal wat aan alle kante afgewerk is en dan aan die klere vasgewerk is.

A Spleetsak met randstuk ('welt pocket')
B Sak met randstroke ('jet pocket')
C Heupsak
D Opgestikte sak

1.4.11 'n Oorslagmetode gebruik by 'n opening in 'n kledingstuk.

A Knope
B Ritssluiters
C Velcro
D Knippe

1.4.12 Hierdie steke is baie kort, met lang openinge tussen hulle.

A Glipsoomsteek
B Oorhandsteek
C Krielsteek ('whip stitch')
D Gaatjiesteek

Kopiereg voorbehou

1.4.13 Die knip van naattoelatings volgens verskillende wydtes.

A Inknip
B Inkeping
C Regknip
D Gradering

1.4.14 'n Steek wat gebruik word vir die onsigbare hegting van die soom aan 'n kledingstuk.

A Sigsag-
B Blinde
C Haarlyn-
D Dubbelgestikte

1.4.15 Hierdie soort mouafwerking kan 'n spleetopening hê of geen opening.

A Mouboordjie
B Dubbelvouband ('double fold binding')
C Toegepaste bekleding ('applied casing')
D Rand met eie soom ('self-hemmed edge')

(15 × 1) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die skets van die naald in FIGUUR 1 hier onder en benoem die genommerde dele in jou ANTWOORDBOEK.



FIGUUR 1

(9 × 1) (9)

2.2 Verskeie soorte gekoopte patrone is beskikbaar vir die maak van klere. Noem enige 6 soorte gekoopte patrone wat gebruik kan word om klere in jou onderneming te maak. (6 × 1) (6)

2.3 Beskryf kortliks die gebruik van die volgende naaldwerktoerusting:

2.3.1 Torringmessie ('seam ripper')

2.3.2 Kartelskêr

2.3.3 Vingerhoed

2.3.4 Knipskêr

(4 × 2) (8)

2.4 Noem enige EEN gebruik vir die volgende handsteke:

2.4.1 Sliprygwerk ('slip tacking')

2.4.2 Omkapsteek

2.4.3 Krielsteek ('whipstitch')

2.4.4 Blindenaatsteek

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

2.5 Wanneer enige kledingstuk gestik word, moet die gehaltestaandaarde gehandhaaf word om hoë standaarde en gehalteafwerking tydens die vervaardigingsproses te verseker.

2.5.1 Watter DRIE gehaltestaandaarde sal jy vir nate aanbeveel om te verseker dat jou klere van 'n hoë gehalte is? (3 × 2) (6)

2.5.2 Belegsels voeg waarde tot die rande wat hulle afrond en verbeter die lewensduur van 'n kledingstuk.

Verduidelik enige DRIE gehaltestaandaarde wat jy as geskik beskou vir gebruik op jou klere. (3 × 2) (6)

2.6 Knope en knoopsgate verhoog die ontwerpwaarde van voltooide kledingstukke. Hulle kan funksioneel of niefunksioneel wees.

2.6.1 Noem TWEE opsies vir beskikbaarheid van deurstikknope ('sew-through buttons'). (2)

2.6.2 Hoeveel opsies is daar vir knope met stammetjies ('shank buttons')? (1)

2.6.3 Watter TWEE faktore is belangrik in die besluit oor die gebruik van knope en knoopsgate in jou ontwerpe? (2 × 2) (4)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Die fatsoenering van kledingstukke en die besonderhede wat op die kledingstuk gebruik word, speel 'n belangrike rol in die sukses van 'n bepaalde ontwerp. Gebruik die skets in FIGUUR 2 hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Wat is die doel daarvan om volheid op die verskillende dele van kledingstukke te verwyder?



[Bron: *http://www.pinterest.com/.../production-drawingflat-sketchtemplatetechnical-dra//*]

FIGUUR 2 (2)

3.2 Op watter dele van die kledingstuk kan pylnate aangebring word? (5 × 1) (5)

3.3 Beskryf kortliks die gebruik van plooitjies wat in 'n geslote soom ingesit word. (2 × 2) (4)

3.4 Opnaaisels is dun plooiagtige besonderhede wat hoofsaaklik op damesklere gebruik word en wat die klere 'n lieflike, elegante afwerking gee.

3.4.1 Verduidelik kortliks met jou kennis van opnaaisels wat 'n gewone opnaaisel is. (6)

3.4.2 Noem VIER opnaaisels wat op jou ontwerpe vir damesbloese aangebring kan word. (4)

3.5 Bestudeer die verwydering van volheid in die skets hier bo (FIGUUR 2) en noem die soort verwydering wat op die rompdeel van die rok aangebring is. (1)

3.6 Verwys na VRAAG 3.5. Noem enige 4 maniere waarop volheid in 'n rompontwerp verwyder kan word. (4 × 1) (4)



FIGUUR 3

3.7 Sakke kan beide versierend en funksioneel wees, wat 'n unieke eienskap op die meeste soorte klere skep. Bestudeer die skets hier bo in FIGUUR 3 en beantwoord die vrae hier onder.

3.7.1 Noem die soort sak wat in FIGUUR 3 getoon word. (1)

3.7.2 Noem die versterkingstegnieke wat gebruik word om die sak op 'n kledingstuk vas te stik. (6 × 1) (6)

3.7.3 Identifiseer die verskille tussen sak C en sak D in FIGUUR 3. (2)

3.7.4 Wat is die siersteek wat op sak C gebruik word? (1)

3.7.5 'n Soort verwydering van volheid is op sak B en D toegepas.

(a) Noem die soort verwydering van volheid. (1)

(b) Wat is die spesifieke name vir die verwydering wat in sketse B en D gebruik word? (2)

3.7.6 Binnesakke hang los aan die binnekant van die kledingstuk, terwyl die rande van die sakopeninge in verskeie styllyne die styl van 'n kledingstuk interessant kan maak.

Noem die verskillende soorte binnesakke wat vir klerestyle gebruik kan word. (5 × 1) (5)

3.7.7 Beskryf hoe jy sakke aan 'n kledingstuk sou vaswerk deur hoofsaaklik na die gehaltestandaarde vir sakke te verwys. (3 × 2) (6)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Die regte keuse vir kinderklere is baie belangrik. Bestudeer die sketse van die ontwerpe in FIGUUR 4 hier onder en beantwoord die vrae wat volg:



[Bron: https://za.pinterest.com]

FIGUUR 4

4.1.1 Noem enige SES mates wat belangrik kan wees wanneer vir kinders ontwerp word. (6 × 1) (6)

4.1.2 Wat is die faktore wat veral belangrik is wanneer jy kinders se draklere ontwerp? (5 × 1) (5)

4.1.3 Bespreek die belangrikheid van die volgende wat die styl van die kledingstuk betref wanneer kinderontwerpe beplan word.

(a) Houding van die kind (6)

(b) Persoonlikheid van die kind (6)

(c) Versierende effekte (6)

4.1.4 Noem DRIE kleure wat jy as geskik sou beskou as jy as ontwerper materiaal vir kinderklere moet kies. (3 × 1) (3)

4.2 Natuurlike weefstowwe bied die beste materiale vir gebruik in alle soorte klereontwerp.

4.2.1 Watter natuurlike weefstowwe verkies jy om in jou ontwerpe te gebruik?

(4 × 1) (4)

4.2.2 Katoen is 'n sterk weefstof en kan gebruik word om onderklere en T-hemde te vervaardig.

Noem enige TWEE materiale wat vervaardig word deur van katoen gebruik te maak. (2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

4.2.3 As linne en sy vir brand getoets word, waarna ruik die weefstowwe dan?

(a) Linne (1)

(b) Sy (1)

4.3 Bestudeer FIGUUR 5 hier onder en kies enige 10 van die benoemde genommerde dele van 'n naaimasjien. Skryf die antwoorde in die ANTWOORDBOEK by die nommers (4.3.1–4.3.10). Skryf die nommer van die benoemde deel en die korrekte antwoord neer, bv. (4.3.1 7 - spoelpen).



FIGUUR 5

(Enige 10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou